HUWELIKSBEDELINGS IN DIE SUID-AFRIKAANSE REGSTELSEL

Drie verskillende huweliksbedelings bestaan in ons reg, nl-

1. Binne Gemeenskap van Goed;

2. Buite Gemeenskap van Goed; en

3. Buite Gemeenskap van Goed met toepassing van die aanwasbedeling.

1. Huwelik Binne Gemeenskap van Goed

'n Huwelik Binne Gemeenskap van Goed beteken dat elke gade mede-eienaar word van 'n onverdeelde aandeel in al die bates van die ander gade, welke reeds voor die huwelik besit is, sowel as bates wat tydens die huwelik bekom word. Die gades deel ook in alle verpligtinge (laste) van mekaar, welke reeds voor die huwelik ontstaan het asook die wat tydens die huwelik ontstaan. Sou jul hierdie opsie kies, is geen kontrak nodig nie. 'n Huwelik sonder 'n huweliksvoorwaardekontrak is outomaties Binne Gemeenskap van Goed.

2. Huwelik Buite Gemeenskap van Goed

'n Huwelik Buite Gemeenskap van Goed beteken dat elke gade sy/haar eie boedel beheer. Elke gade is verantwoordelik vir sy/haar eie bates en verpligtinge (laste), welke voor asook na datum van huweliksluiting ontstaan.

3. Huwelik Buite Gemeenskap van Goed met toepassing van die Aanwasbedeling

'n Huwelik Buite Gemeenskap van Goed met toepassing van die Aanwasbedeling beteken dat die gades Buite Gemeenskap van Goed getroud is en twee aparte boedels bestaan, alhoewel die gades sal deel in die aanwas van mekaar se boedels by ontbinding van die huwelik. Die aanwas van elke gade se boedel sal by ontbinding van die huwelik bereken word bv. by dood of egskeiding ens. Die aanwas van die boedel van 'n gade word gedefinieer as die bedrag waarmee die netto waarde van die boedel by ontbinding

van die huwelik, die netto waarde van die boedel by aanvang van die huwelik oorskry. Die Aanvangswaarde van elke gade se boedel verteenwoordig die waarde van die bates van die spesifieke gade by aanvang van die huwelik. Bates mag uitgesluit word van die werking van die Aanwasbedeling in die Huweliksvoorwaardekontrak.

'n Basiese berekening van aanwas is soos volg:

X se Aanvangswaarde = R 10 000 X se Eindwaarde = R 30 000

X se aanwas = R 20 000

Y se Aanvangswaarde = R 20 000 Y se Eindwaarde = R 200 000

Y se aanwas = R 180 000

Y se aanwas (R180 000) minus X se aanwas (R 20 000) = R160 000

Hierdie bedrag (R 160 000) word deur twee gedeel. wat beteken dat X

(die gade met die kleinste aanwas) 'n aanwaseis het teen Y vir R 80 000.